

WISKUNDE GRAAD 4**Junie 2016****Vraag 1****Voltooi die volgende:**

1.1 $35 + \underline{\hspace{2cm}} = 60$

1.2 $12 \times 8 = 8 \times \underline{\hspace{2cm}}$

1.3 $570 \times \underline{\hspace{2cm}} = 570$

1.4 $700 \div \underline{\hspace{2cm}} = 70$

1.5 $6 + 6 + 6 + 6 = \underline{\hspace{2cm}} \times 6$

1.6 $\underline{\hspace{2cm}} - 28 = 40$

1.7 $47 \times \underline{\hspace{2cm}} = 4\,700$

1.8 $630 \div 7 = \underline{\hspace{2cm}}$

1.9 $1 - \frac{7}{10} = \underline{\hspace{2cm}}$

1.10 $\underline{\hspace{2cm}} \times 8 = 56$

1.11 $2 \times 0 \times 4 = \underline{\hspace{2cm}}$

1.12 $\frac{1}{8} + \frac{3}{8} = \underline{\hspace{2cm}}$

Vraag 22.1 **Skryf die getal wat voorgestel word:**

2.1.1 $600 + 3\,000 + 9 = \underline{\hspace{2cm}}$

2.1.2 $(4 \times 10) + (8 \times 1\,000) + (3 \times 1) + (9 \times 100) = \underline{\hspace{2cm}}$

2.2 Gebruik die syfers om die volgende te maak:

29852.2.1 Die grootste ewe getal $\underline{\hspace{2cm}}$ 2.2.2 Die kleinste onewe getal $\underline{\hspace{2cm}}$

Vraag 3

3.1 Vul in >; < of =:

3.1.1 4 cm _____ 38 mm

3.1.2 $2\frac{1}{2}$ ure _____ 150 minute3.1.3 3 250 m _____ $3\frac{2}{5}$ km3.1.4 $\frac{3}{8}$ van 24 _____ $\frac{2}{7}$ van 35

3.2 Rangskik die volgende in stygende orde:

3.2.1 6 262; 6 206; 6 622; 6 266; 6 626

3.2.2 $\frac{1}{2}$; $\frac{1}{5}$; $\frac{10}{10}$; $\frac{1}{3}$; $\frac{1}{4}$

Vraag 4


4.1 Skryf die volgende tye volgens die 24-uur digitale horlosie:

4.1.1 20 oor 6, vm _____


4.1.2 kwart voor 3, nm _____

4.1.3 5 voor 9, vm _____

4.2 Skryf die tyd op die volgende horlosies in analoog (gewone) tyd:



4.2.1 _____




4.2.2 _____

4.3 Hoeveel tyd verloop van 11:35 vm tot 3:25 nm?

Vraag 5

5.1 Watter breuk is ingekleur?




5.1.1 _____

5.2 Kleur die volgende breuk van die voorwerpe in:



5.2.1 $\frac{1}{3}$



5.2.2 $\frac{5}{6}$

5.3 Voltooi die volgende patrone:

5.3.1 $3\frac{2}{5}$; $3\frac{3}{5}$; $3\frac{4}{5}$; _____; _____; _____; _____

5.3.2 $6\frac{3}{4}$; $6\frac{2}{4}$; _____; _____; _____; _____; _____

5.4 Doen die volgende omskakelings:

5.4.1 8 cm = _____ mm

5.4.2 $2\frac{1}{4}$ m = _____ cm

5.4.3 1 065 mm = _____ m _____ mm

5.4.4 3 km 5 m = _____ m

5.4.5 $5\frac{3}{4}$ m = _____ mm



Vraag 6**6.1 Voltooi die volgende getalpatrone:**

6.1.1 179; 175; 171; _____; _____; _____; _____

6.1.2 4; 8; 16; _____; _____; _____

6.1.3 315; 335; 355; _____; _____; _____

6.1.4 3; 4; 6; 9; _____; _____; _____


6.2 Voltooi die vloedidiagram:**6.3 Kyk na die volgende patrone wat met blokkies gevorm word:****6.3.1 Voltooi nou die tabel:**

Patroon nommer	1	2	3	4	5	10
Aantal blokkies	5					

6.3.2 Beskryf in woorde die formule wat jy kan gebruik om die aantal blokkies in elke patroon kan bepaal.

Vraag 7

7.1 Kyk na die driedimensionele vorms genommer A tot F hier onder .
Beantwoord nou die volgende vrae:



- 7.1.1 Wat word vorm F genoem? _____
- 7.1.2 Uit hoeveel plat vlakke bestaan vorm E? _____
- 7.1.3 Wat is die naam van die vorm wat die basis van vorm B is? _____
- 7.1.4 Watter van hierdie vorms kan almal rol? _____
- 7.1.5 Wat word vorm C genoem? _____

Vraag 8

'n Groep graad 4-leerders is gevra watter leerarea hulle die meeste van hou. Kyk na die resultate en beantwoord dan die vrae:

Wiskunde	
Afrikaans	
Engels	
Natuurwetenskappe (NWT)	
Sosiale wetenskappe (SW)	

= 3 leerders

- 8.1 Van watter leerarea hou die leerders die minste? _____
- 8.2 Hoeveel meer leerders hou van Wiskunde as van Sosiale Wetenskappe (SW)?

- 8.3 Hoeveel leerders het altesaam aan die opname deelgeneem?

Vraag 9:**Bereken volledig:**

9.1 $3\,467 + 2\,698$ (Skat eers jou antwoord deur die getalle af te rond tot die naaste 1000)

Skatting:

9.2 $5\,302 - 3\,423$

9.3 18×45 (Breek die getalle op in faktore)

9.4 79×54 (Skat eers die antwoord deur die getalle af te rond)

Skatting:

9.5 $575 \div 4$ (Kontroleer jou antwoord)

Vraag 10

Los die volgende woordprobleme op:

10.1 $\frac{5}{8}$ van die lekkers in 'n pakkie is oranje. As daar 24 lekkers in die pakkie is, hoeveel lekkers is oranje?

10.2 'n Stuk materiaal is $3\frac{1}{2}$ meter lank. Mamma knip 85 cm af om 'n kussing te maak. Hoeveel van die materiaal is oor?

10.3 'n Gesin vertrek met vakansie na 'n vakansie-oord wat 2 450 km van hulle huis af is. Die eerste dag ry hulle 798 km en die volgende dag 1 274 km. Hoe ver moet hulle die derde dag ry tot by die vakansie-oord?

10.4 Jana oefen klavier van 14:15 tot 16:10. Hoe lank het sy musiek oefen?

10.5 Hoeveel rooi penne kan juffrou Nel koop van R207 as een rooi pen R9 kos?

10.6 Ben se klas samel geld in om vir hulle juffrou 'n geskenk te koop vir haar verjaarsdag. Elkeen van die 36 kinders dra R8 by. Hoeveel geld het hulle altesaam ingesamel?

10.7 Emma spandeer $\frac{2}{5}$ van haar sakgeld. Indien sy R60 sakgeld kry, hoeveel geld het sy oor?

Hierdie vraestel toets die grootste gedeelte van die werk wat in die eerste twee kwartale van die skooljaar behandel is.

Die vraestel is langer as 'n standaardvraestel.